
GELOOF FAITH

In Die Woord In The Word



Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411

WEBSITE: www.stangerchristiancentre.com E-MAIL:stangerchristiancentre@gmail.com

En die Bloed van Jesus Christus Sy Seun, reinig ons van alle sonde

Net voordat Jesus opgevaar het na Sy Vader in die Hemel, het Hy in Mark. 16:15 gesê: **"Gaan die hele wêreld in en verkondig die Evangelie aan die ganse mensdom".**

"Wat is die Evangelie? "Dit is die goeie nuus wat Jesus vir ons gedoen het, toe Hy aan die kruis gesterf het. Hy het die straf betaal vir ons sondes en ons vrymaking moontlik gemaak wat die gevolge van daardie sondes was.

"Hoe het Hy dit gedoen?" is dalk jou vraag. Om dit ten volle te verstaan, moet ons terug gaan na die begin. Volgens God se Woord in Genesis, het Hy die mens volmaak geskape, sondeloos, sonder kwale of enige ander bose dinge, maar Adam en Eva het teen God gesondig. Hulle was ongehoorsaam, deurdat hulle Sy opdrag oortree het in die tuin van Eden, waar hulle gewoon het. DEUR HUL EIE KEUSE VAN ONGEHOORSAAMHEID is hulle van God geskei, nieteenstaande God se duidelike waarskuwing, en het Geestelik gesterf. Hulle was nou direk onder die invloed van die vyand, Satan en het sy slagoffers van sonde en die gevolge daarvan geword.

Baie geslagte het gelewe en gesterwe in gebondenheid aan sonde en siekte. In Sy oneindige liefde het God neer gekyk op Sy lydende skepsels en in genade het Hy Sy eniggebore Seun na die wêreld gestuur, as Sy plan vir die redding van die mens. 'n Redding wat die mens uit die haglike, vernederende toestand waarin hy deur ongehoorsaamheid beland het, te verlos en sy verhouding met God te herstel. God het Jesus gestuur om 'n grusame dood te sterf, om ons van ons sonde te verlos en genesing moontlik te maak. Jesus het die straf van die dood, wat ons as gevolg van ons sondes verdien het, gedra en Hy het dit deur middel van Sy vrywillige kruisdood gedoen. Ek en jy het, met ander woorde, God se wet verbreek deur ongehoorsaamheid en behoort gevolglik daarvoor gestraf te word. Ons lees in **Rom. 5:19: Want soos deur die ongehoorsaamheid van die een mens** (Adam) **baie tot sondaars gestel is, so sal ook deur die gehoorsaamheid van die Een** (Jesus) **baie tot regverdiges gestel word.** Daardie straf is die ewige dood in die helse vuur, volgens God se Woord en as gevolg van ons sonde verdien ons daardie straf! Daar staan geskryf **"Want die loon van die sonde is die dood, maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here." Rom. 6:23.**

Die Bybel vertel ons dat **"almal gesondig het en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God". Rom. 3:23.**

God se liefde is egter so groot, dat Hy nie wil hê dat iemand verlore moet gaan nie, maar dat almal die ewige lewe moet hê.

DIT IS AS GEVOLG VAN SY GROOT LIEFDE, DAT HY SY SEUN JESUS GESTUUR HET om in ons plek te sterf, om ons sonde op Hom te neem en die uiterste prys, wat Hy alleen kon betaal as die sondelose, vlekkelose Lam --- 'n lewende offer met die vergieting van Sy kosbare Bloed as 'n versoening vir elkeen van ons, indiwidueel, se sonde.

Hy is gekruisig sodat ons die ewigheid in die hemel kan deurbring. Hy het ons sonde op Hom

(Vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - En die Bloed van Jesus….)

geneem sodat ons geregtig in Sy geregtigheid kan wees. Hy het ons plek ingeneem in die dood, sodat ons Sy Ewige Lewe kan hê!

Die Bybel vertel ons dat SY BLOED GESTORT WAS OM ONS VRY TE KOOP VAN ONS SONDE. Ons lees in **1 Joh. 1:7 "…en die bloed van Jesus Christus sy Seun, reinig ons van alle sonde."** Die Bloed van God se Pasga Lam. Die Woord van God verklaar in **Heb. 9:22: En byna alles word met bloed gereinig volgens die wet, en sonder bloedvergieting vind daar geen vergifnis plaas nie.**

Hy het die vyand se mag oor ons gebreek, oor hom getriomfeer en in die openbaar ten toon gestel aan die kruis (Kol. 2:15). Hy het ook ons siektes en krankhede geneem (Matt. 8:17). Jesus, 'n lewende offer, wat die afgryslikste dood, onbeskryflik aaklig, gesterf het, om vir die sondes en siektes van ons elkeen te betaal en om Satan se houvas te breek. (Kry ons boek "Nagmaal en Genesing")

Hy het aan die kruis uitgeroep "Dit is volbring" – wat verwys na Sy sending na hierdie wêreld, om die mens en God weereens te versoen en gemeenskap tussen die mens en ons Hemelse Vader te herstel is volbring. Dit is voleindig. Niks kan daarby gevoeg word nie en niks kan weggeneem word nie. Alleenlik Jesus, die vlekkelose, geofferde Lam kon die prys betaal – EN HY HET DIT GEDOEN! Hy het aan al die wettiese vereistes volgens God se Woord voldoen. Dit hang van ons af; sal ons dit glo en hierdie groot werk van redding en verlossing, deur Jesus, uit die Hand van God, aanneem? Dit is 'n geskenk van God aan my en jou – ons moet dit net glo en deur geloof ontvang en dan handel in geloof.

Onthou elkeen van ons het gesondig en het 'n Verlosser nodig. Die Blye Boodskap vertel ons dat Jesus die enigste Verlosser van die mens kon wees. Hy alleen was sondeloos. Hy alleen kon die ewige prys betaal.. Hy alleen was volkome God - God wat vlees geword het (Joh. 1) en volkome mens. Hy alleen kon tussen God en die mens staan om hulle weereens deur Sy dood, te versoen. Hy alleen kon die middelaar tussen God en mens wees omdat hy albei was! Nou stuur Hy Sy dissipels, boodskappers van hierdie Goeie Nuus dwarsoor die wêreld, om die Goeie Nuus te verkondig en elkeen wat hierdie wonderlike boodskap glo en daarop reageer IS VRY, word WEDERGEBORE!

Toe Petrus hierdie boodskap gepreek het in Hand. 2:38 het die mense uitgeroep. **"Wat moet ons doen?** En **Petrus het vir hulle gesê: Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang.** (Hierdie was besnyde Jode.)

Bekeer beteken om jou rug te draai op jou ou lewenswyse en uit te reik na Vader God en te Bely dat jy 'n sondaar is wat verlossing nodig het. Glo aan Jesus se volmaakte werk aan die kruis en neem Hom aan as jou persoonlike Verlosser en Geneesheer. Die Woord van God sê dat daar net een middelaar tussen God en die mens is, en dit is die mens Christus Jesus – **1 Tim. 2:5: "Want daar is een God en een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus."**

Jesus se boodskap lui "**Wees bly! Jy hoef nie meer vir jou sondes te sterf nie. Jy hoef nie meer te ly nie. Ek het die prys betaal. My Bloed is gestort vir die vergifnis van jou sonde. My Liggaam is vir jou gebreek en deur My Wonde is jy genees!" (1 Pet. 2:24)**

Dit is die Goeie Nuus vir elke sondaar- Jesus Christus het jou sonde gedra, sodat jy dit nie self hoef te dra nie. Dit is wat wedergeboorte beteken en daardeur die ewige lewe te beërwe. Wanneer ons Jesus Christus as ons Here en Verlosser aanneem, word ons gees opgewek, verlewendig deur die Gees van God en is dit moontlik om met God te kommunikeer, want God is Gees.

Die Bybel verklaar: **"Die Evangelie is die krag van God tot Redding vir elkeen wat glo" (Rom. 1:16).**

GLO dat Jesus vir jou gesterf het! Dat Sy Bloed gevloei het vir die afwassing van jou sondes.

Ons bring dit in herinnering, wanneer ons die "beker" by die Nagmaaltafel neem. Die "beker" is simbolies van die Bloed van Jesus. GLO dat Sy Liggaam gebreek is sodat jou siekte genees kan word.

Ons bring dit in herinnering wanneer ons die brood by die Nagmaal tafel neem. Die brood is simbolies van die Liggaam van Christus.

Jesus het die nagmaal ingestel toe Hy en Sy dissipels die Pasga gehou het net voor Hy gekruisig is.

En die dag van die ongesuurde brode het gekom waarop die Pasga geslag moes word (Luk. 22:7)

Wat is die Pasga? Die eerste Pasga het plaasgevind met die bevryding van God se uitverkore volk, die Hebreërs uit Egipte en slawerny.

Kom ons lees **Ex. 12:3: Spreek tot die hele**

(Vervolg op Bl. 3)

(Vervolg vanaf Bl. 2 - En die Bloed van Jesus…)

vergadering van Israel en sê: Op die tiende van hierdie maand moet hulle elkeen `n lam neem volgens die families, `n lam vir `n huisgesin.

Hierdie lam is geslag, voorberei en geëet. Dit moes volmaak, sonder enige gebrek, wees. In die Nuwe Testament het Jesus Christus, vlekkeloos en sondeloos, die Paas Lam geword en ons eet nog steeds van Sy vlees (simbolies) elke keer wanneer ons die nagmaal gebruik.

Ex. 12:7: En hulle moet die bloed neem en dit stryk aan die twee deurposte, en aan die bodrumpel aan die huise waarin hulle dit eet.

Die Bloed van Jesus red ons van die Ewige Dood.

En hulle moet die vleis in dieselfde nag eet … saam met ongesuurde brode moet hulle dit met bitter kruie eet (vers 8)

Maar die bloed sal vir julle `n teken wees aan die huise waarin julle is: as Ek die bloed sien sal Ek by julle huise verby gaan. En daar sal geen verderflike plaag onder julle wees wanneer Ek Egipteland tref nie (vers 13)

En hierdie dag moet vir julle `n gedenkdag wees, en julle moet dit as `n fees tot die eer van die Here vier. Julle moet dit in julle geslagte as `n ewige insetting vier (vers 14)

Die Pasga is deur God ingestel en Israel het dit vir die eerste keer, op die vooraand van hul vertrek uit Egipte, die land van slawerny, gebruik. Hulle is beveel om dit een maal `n jaar te vier en daarmee aan te hou, en dit is presies wat die ortodokse Jode steeds doen. Hulle herdenk elke jaar die wonderlike verlossing wat God vir hulle bewerk het. Hulle vier hul vryheid van dwangarbeid en gevangenisskap.

Die Pasga is bedoel om na die koms van die Here Jesus te wys, wat DIE Paaslam sou wees, wat vir die sondes van die wêreld gedood sou word. Deur aan die Heilige Nagmaal deel te neem, sien ons Jesus Christus as die vlekkelose Pasga Lam, wat eens en vir altyd gedood is, om ons van Satan se slawerny en die ewige dood te bevry. Pasga word een keer elke jaar deur die Jode gevier, wat hulle terug laat dink aan hoedat God hulle uit gebondenheid aan Farao verlos het en Hy hulle uit Egipte, die plek van slawerny, geneem het. Ons, as gelowiges, vier ons verlossing uit die mag van Satan, toe God ons uit die Koninkryk van die duister na die Koninkryk van die Lig gebring het. Ons doen dit dikwels, nie net eenmaal `n jaar nie! Deur ons geloof in Jesus, kan ons elke dag die verlossing van sonde vier. Elke dag is `n dag van redding vir diegene wat glo. Wanneer ons die Nagmaal gebruik, vier ons ons vryheid van die duiwel se slawerny en van die wêreld se stelsel, en ons kan daagliks deel hê aan Sy Liggaam (die brood) en Sy Bloed (die wyn).

Elke dag is die dag van Verlossing, ons Pasga, elke dag is `n dag om hierdie groot gebeurtenis te vier, die grootste gebeurtenis van alle tye! Die hoogtepunt van beide die Ou en Nuwe Testamente! ●

UIT DIE SKATKIS VAN DIE HERE

Alle Nuwe Dinge

Dankie Here dat U alle dinge nuut maak in my lewe! Dankie vir elke nuutgevonde seëning wat U elke dag vir my gee. Dankie vir U hoop en dat U van my 'n nuwe skepsel gemaak het.

Dankie vir 'n nuwe veranderde hart – dat ek kan liefhê soos U lief het, voel soos U voel en dat ek kan heilig raak soos U Heilig is.

Dankie dat U van voornemens is om die liggaam van sonde te verlos en my 'n nuwe sondelose liggaam te gee.

Dankie dat U geregtigheid en heiligheid in my geskep het soos ek my aan U onderwerp.

Dankie dat U goedertierenhede elke oggend nuut en oorvloedig is, sodat ek die hoop het om die ewigheid met die een wat ek die meeste liefhet deur te bring – U. Skrif om te oordink:" En Hy wat op die troon sit, het gesê: Kyk, Ek maak alles nuut. En Hy het aan my gesê: Skryf, want hierdie woorde is waaragtig en betroubaar (Openb. 21:5). "Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword" (2 Kor. 5:17). Jesus het ons nuut gemaak. Laat ons soos 'n nuwe skepsel optree, nie verander na die vorige lewe wat ons geleef het nie, maar verander na die beeld van Christus, wat ons dag na dag hernuwe.

Laat jou hart vandag in Sy hoop rus, onthou dat jy 'n toekoms het in Jesus en kort na hierdie wêreld weggevee is, gaan ons 'n skoon blaadjie begin met 'n nuwe lewe in die teenwoordigheid van God, wie ons liefhet en wie ons ook liefhet. ●

FOLLOW IN HIS FOOT STEPS

One of the greatest difficulties you will ever encounter in life is that of rejection and betrayal. It is truly a very bitter pill to have to swallow, and usually leaves wounded emotions and a scarred heart, that only God alone can heal.

You can only be betrayed by someone with whom you have had a close relationship and have trusted. This is something that I have personally experienced on more than one occasion. It has always baffled me that one can pour much of one's time, effort and love into someone's life, only to have them turn around and stab you in the back with lies and false accusations. I am sure that many of you reading this article can identify with me in this, having had a similar experience. It is of utmost importance for us as children of God to react to these situations in a Christ like manner. The act of betrayal will birth lies, gossip, divorce, child abuse, lawsuits and broken partnerships, and result in disappointment and bitterness. Jesus was betrayed by a chosen friend with thirty pieces of silver, and Paul states in **2 Timothy 4 verse 9: Demas has forsaken me, having loved this present world."** King David also describes his betrayal in Psalm 54, but he is determined ultimately to look to God for his vindication. Remember betrayal and rejection can either cause you to become bitter, or, when handled God's way, you can become better.

Remember everyone will experience rejection and betrayal at some time or other in their life. When this takes place, it is a God given opportunity to react as God's Word intends you to react so that your love – the agape love of God might mature in you. In order to have a better understanding of our Heavenly Father's amazing love we have to have tasted the bitter cup of betrayal and overcome. Because Jesus Christ is our example, we need to consider His reaction to betrayal. We read in **1 Peter 2 verse 21: "For to this you were called, because Christ also suffered for us, leaving us an example, that you should follow His steps."**

The Bible tells us in **Acts 10 verse 38**: **how God anointed Jesus of Nazareth with the Holy Spirit and with power, Who went about doing good and healing all who were oppressed by the devil, for God was with Him.** Note: Jesus was the only One Whom God ever anointed with the Holy Spirit—this made Him the Christ the Chosen One. Man can be filled with the Holy Spirit and have the gifts and fruit of the Holy Spirit.

Jesus Christ, Son of God came to earth to do good, to do His Father's will, to free and heal all those who had been in bondage to Satan, and yet He was rejected and suffered betrayal even though He was sinless. In His final hours of life, pilot stood Him before the people and said: "**Whom do you want me to release to you? Barabbas, or Jesus who is called Christ?" Matt. 27:17.** However the very people he had been "good" to, rejected Him and chose the thief Barabbas. Then in spite of their hatred for Caesar, they chose him as king instead of Christ (John 19:12). We know that Jesus' response was: **"Father, forgive them, for they do not know what they do." (Luke 23:24).** His concern was for them and not Himself. He knew at the time of choosing His disciples that one would betray Him, and Judas lived in close friendship with Jesus for over three years. However, in the Garden of Gethsemane, the betrayer approached Jesus to kiss Him, and Jesus' response was **"Friend, why have you come?" (Matt. 26:50)** Jesus still called Judas His friend at this point, but once he had betrayed Him with a kiss, he had crossed the line, and lost His soul.

Jesus never withdrew His friendship or His love

(Continued from page 4 - Follow in ....)

when He was rejected, because divine love does not draw back, nor does it lose faith. Agape love is tough love, which reveals itself regardless of the cost, and even to the point of shame and betrayal.

The apostle Paul said, **"Rejoice in the Lord always" (Phil. 4:4).** "Always" includes times of betrayal. **"Again, I will say, rejoice!"** You rejoice by choice, not because everything is going well. You rejoice because the joy of the Lord is within you and is your strength and betrayal and rejection cannot stop what God is doing in your life.

You have the ability to choose your response to life, and not be controlled by the pains of betrayal. As a believer, take the initiative in the crises of life, and always respond as Jesus does. (I would like to encourage you to get a free copy of our book on *The power of forgiveness*)

David sings to the Lord in **Psalm 59 verse 17: To, You, O my Strength, I will sing praises; FOR GOD IS MY DEFENCE, the God of my mercy. ●**

PASSOVER

Passover falls on the 6th April this year and Jesus was crucified at Passover over 2000 years ago. He is God's Passover Lamb. In fact He was crucified on the exact day, at the exact time and place, as the Passover lambs were being sacrificed at the Temple in Jerusalem. Our God is a God of perfect detail. The Blood of Jesus (who became a living sacrifice), atoned for your sin and mine, and made it possible for us to be forgiven and reconciled to Father God.

I recently read a beautiful account of a Jewish man in the year 1898 who was searching for the truth according to his Jewish belief and customs, and I want to share it with you.

This man attending a Bible Study with his Jewish friends in an attempt to find answers to his quest for truth, said to them: "This week is the celebration of Passover among you my friends, and as I sat here I was thinking how you would be observing it. You will have put away all leaven from your houses; you will eat the matzot (unleavened wafers), and the roasted lamb. You will attend the synagogue services, and carry out the ritual and directions of the Talmud."

"But you forget that you have everything but that which the Lord required of us all. He did not say, 'When I see the leaven put away, or the matzot, or the lamb, or your going to the synagogue….' But His Word was, **'When I see the blood, I will pass over you'** (Exodus 12:13). Ah, my friends, you can substitute nothing for this. You must have blood – BLOOD!"

As he reiterated this word 'blood' with great emphasis, his eyes flashed warningly and his hearers quailed before him. "Blood – it is an awful word for one who reveres the ancient Scriptures and yet has no sacrifice. Turn where you will in the Book, and the blood meets you. But seek as you may, you cannot find blood in the Judaism of the present day."

After a moment's pause the patriarchal old man went on: "I was born in the Holy Land nearly seventy years ago. As a child I was taught to read the Law and the Psalms and the Prophets. I early attended the synagogue, and learned Hebrew from the rabbis.

"At first I believed what I was told, that ours was the true and only religion. But as I grew older and studied the Law more intently I was struck by the place the blood had in all the ceremonies outlined there, and equally struck by it's utter absence in the ritual to which I was brought up.

"Again and again I read Exodus 12 and Leviticus 16 and 17, and the latter chapters especially made me tremble as I thought of the great Day of Atonement and the place the blood had there. Day and night one verse would ring in my ears: **"It is the blood that makes atonement for the soul"** Leviticus 17:11.

"God had instructed Moses to proclaim to Aaron, his sons, as well as to the children of Israel: **'For the life of the flesh is in the blood, and I**

(Continued from page 5 - PASSOVER)

have given it to you upon the altar to make atonement for your souls; for it is the blood that makes atonement for the soul.'

"I knew that I had broken the Law. I knew that I needed atonement. Year after year on that day I beat my breast as I confessed my need of it. But it was to be made by blood, and there was no blood!

"In my distress I at last opened my heart to a learned and venerable rabbi, who told me that God was angry with His people; Jerusalem was in the hands of the Gentiles; the Temple was destroyed; a Mohammedan mosque was reared in its place. So the only spot on earth where we dare shed the blood of sacrifice, in accordance with Deuteronomy 12 and Leviticus 17, was now desecrated and the nation scattered.

"That was why there was no blood. God had Himself closed the way to carry out the solemn service of the great Day of Atonement. Now we must turn to the Talmud and rest on it's instruction, and trust in God and the merits of the fathers."

"I tried to be satisfied but could not. Something seemed to say that the Law was unaltered even though our Temple was destroyed. Nothing else but blood could atone for the soul. We dared not shed blood for atonement elsewhere but in the place the Lord had chosen. So were left without atonement at all!

"This thought filled me with horror. In my distress I consulted many other rabbis. I had but one great question – where can I find the blood of atonement?"

"I was over thirty years of age when I left the Holy Land and came to Constantinople with my still unanswered question ever before my mind, and my soul exceedingly troubled about my sins. One night I was walking down one of the narrow streets of the city when I saw a sign telling of a meeting for Jewish people.

"Curiosity led me to open the door and go in. Just as I took a seat I heard a man say, **'The blood of Jesus the Messiah, His Son, cleanses us from all sin.'** It was my first introduction to the message of salvation, but I listened breathlessly as the speaker told how God had declared that **'without shedding of blood there is no remission'** (Letter to the Hebrews 9:22)

"He told how that God had given His only begotten Son, the Lamb of God, to die, and that all who trusted in His blood and confessed their sins were forgiven all their iniquities. This was the Messiah of Isaiah chapter 53; this was the Sufferer of Psalm 22.1 had found the blood of atonement at last!"

"I trusted it, and now I love to read the Bible and find in the New Testament how all the shadows of the Law are fulfilled in Jesus. It is His blood that has been shed for sinners. This has satisfied a holy God, and it is the only means of salvation for either Jew or Gentile.

"I had found the blood of atonement: **'Behold! The Lamb of God who takes away the sin of the world!'** (John 1:29). His blood I have found to be efficacious for me personally, even to nearly forty years later." ●

KENNISGEWING

Ons het 'n lys beskikbaar van boeke en Cd's met hul pryse. Indien u meer inligting verlang oor wat beskikbaar is of 'n bestelling wil plaas, kontak ons asseblief sodat ons die lys na u kan faks of E-pos.

Dit het ook volledige inligting hoe om 'n bestelling te plaas, bank inligting ens. Ons E-pos adres is: stangerchristiancentre@gmail.com en ons faks nommer is: 032:5525411. Ons het ook 'n internet adres en dit is: www.stangerchristiancentre.com, u kan al ons boeke daarop sien en hulle kosteloos aflaai.

Ons Bankbesonderhede is: Stanger Christian Sentrum, Eerste Nasionale Bank, Rek. No 53730091667, Tal Kode: 220129, Stanger.

GELOOF IN DIE WOORD / FAITH IN THE WORD

Daar is geen kopiereg op enige van ons kassette en visuele materiaal nie en daarom wil ons u aanmoedig om kopieë daarvan te maak en te versprei so dat die Woord van ons Hemelse Vader uitgedra kan word. Ons vra egter dat dit nie gedoen sal word vir finansiële gewin nie.

***

There is no copyright on any of our audio and visual material, and therefore we would like to encourage you to copy and distribute in order to spread the Word of God. We do however request that this is not done for financial gain.



UIT ONS KANTOOR

Geliefde in die Here Jesus,

Jak 5:14: Is daar iemand siek onder julle? Laat hom die ouderlinge van die gemeente inroep, en laat hulle oor hom bid nadat hulle hom in die Naam van die Here met olie gesalf het.

Hier is 'n baie duidelike belofte van genesing van die siekes. In Markus 6:13 lees ons dat die dissipels hierdie praktyk toegepas het.

En hulle het baie duiwels uitgedryf en baie siekes met olie gesalf en gesond gemaak.

In vers 15 vra Jakobus: Is daar iemand siek onder julle? Dis vir enige een en nie net sommige nie – die belofte van gensing is vir enige iemand wat siek is! Enige iemand wat siek is het die Bybelse reg om die ouderlinge van die kerk in te roep om genesing te ontvang – en, indien nodig, ook redding terselfdertyd. Dit behoort jou aan te moedig, veral as jy al oor baie jare geleer is dat genesing net vir diegene is wat God daarvoor uitverkies.

Genesing is vir JOU. Jy het 'n reg tot gesondheid in jou liggaam, sowel as in jou siel (3 Joh 2), want Jakobus skryf in hfst 5:15: Die gebed van die geloof sal die kranke red en die Here sal hom oprig. Selfs as hy sonde gedoen het, sal dit hom vergewe word. Vers 16: Bely mekaar julle misdade en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word.

Dan volg: Die vurige gebed van 'n regverdige het groot krag. Hier is 'n duidelike belofte en maklik om te begryp. Deur dit te glo en hiervolgens op te tree, is miljoene al genees deur die eeue en veral ook in ons dae.

Let op in vers 15 skryf Jakobus: Die gebed van die geloof sal die kranke red. Die gebed van die geloof is al gebed wat effektief sal wees om vir die sieke genesing te verkry.

DIE GEBED VAN DIE GELOOF.

Hoe kan 'n persoon die gebed van geloof bid terwyl jou gedagtes dink: Miskien is dit God se wil om hierdie persoon na Hom toe te neem d.m.v. hierdie siekte, of Miskien is God besig om iets kosbaars in hierdie siek mens se lewe te bewerkstellig d.m.v. die siekte en miskien moet ek hom maar aanmoedig om dit geduldig te verdra en sodoende die les leer wat God vir hom wil leer? Dis onmoontlik! En tog is dit die gesindheid waarmee baie gebede vir die siekes gebid word! Is dit dan geen wonder dat so baie nie genees word nie wanneer vir hulle gebid word?

Paulus skryf: Christus is die VERLOSSER van die liggaam (Ef. 5:23) Hy skryf : Die LIGGAAM is …… vir die Here, en die Here vir die LIGGAAM (1 Kor. 6:13).

Dan gaan hy verder: Weet julle nie dat julle LIGGAME lede van Christus is nie? (vers 15), en weer: Of weet julle nie dat julle LIGGAAM 'n tempel is van die Heilige Gees nie? (vers 19) Dan voeg hy by: Verheerlik God dan in julle LIGGAAM en in julle gees wat aan God behoort (vers 20).

Die LIGGAAM is …… vir die Here. Dit is nie vir onsself of vir enige ander een nie – veral nie Satan nie. Dit was nie gemaak vir siekte en kwale nie.

As Christus dan die Verlosser van die liggaam geword het, en die liggaam vir die Here is, dan het ons glad nie nodig om siekte en kwale te verdra nie. Ons het nie nodig om siekte in ons liggaam te hê nie. Siekte is sonde vir die liggaam. Sonde is siekte vir die siel. Besef jou VOLLE VERLOSSING. Neem besit van jou VRYHEID. Staan dan vas in die VRYHEID waarmee Christus ons vrygemaak het (Gal 5:1).

Laat dit vir jou 'n ewige vasgestelde saak wees: DIT IS GOD SE WIL VIR JOU OM GESOND TE WEES! Maak die belofte jou eie, tree op volgens Sy Woord, en staan op uit jou twyfel en vrees, en vind hoe jou genesing skielik uitspruit! (Jes. 58:8)

Onthou, Jakobus het gevra: Is daar IEMAND siek onder julle? Dit is NOU waar dat ENIGE siek persoon die ouderlinge mag inroep om die gebed van die geloof vir hom te bid. Maar maak tog seker dat die ouderlinge wat u roep hierdie saak goed begryp, want die gebed van die geloof KAN NIE, en SAL NOOIT gebid kan word terwyl die ouderlinge wonder OF DIT GOD SE WIL IS om hierdie of daardie een te genees nie.

Jakobus skryf; Maar hy moet in die geloof bid, sonder om te twyfel, want hy wat twyfel, is soos 'n golf van die see wat deur die wind gedrywe word. Want die mens moenie dink dat hy iets van die Here sal ontvang nie …. (Jak 1:6 en 7).

Ons wil julle bedank vir jul voortgaande ondersteuning, jul aanmoediging en gebede in hierdie tyd! Ons waardeer werklik jul liefde soos die Here ons elke dag krag en rigting gee.

Baie liefdegroete

Meg en die Gebedspan

Ons God van wonderwerke.....Briewe wat getuig van die Here se goedheid en getrouheid

Liewe Dr James en Dierbare Span,

Ek het n paar dae gelede gebed gevra vir my dogter en my broer. My dogter wie met nierprobleme gediagnoseer was en my broer wie n hartaanval gehad het.Daar is geen tekens van nierprobleme by my dogter nie en my broer is gesond.Prys ons GROOT KONING.My suster se dogter en haar man moes ook die einde van die maand uit die huis gaan wat hulle huur,maar vanoggend is aan hulle meegedeel dat hulle kan aanbly. Prys die Heer!! Ek kan die Here nie genoeg dank nie.Loof Sy Grote Naam.Ek is opreg bly dat daar soveel gebede vanuit die Sentrum na Bo gaan en vir getuienisse dat daar verhoring was. Waarlik waar Hy LEEF!!Baie dankie.

Nico Karsten.

Ek vra voorbidding vir my seun Hannes. Hy het baie water en sy bene en voete is twee maal so groot, sy hart is ook baie swak. Hy het al twee keer ‘n klep gekry, toe sê hulle daar is fout met die klep. Ek het julle gebel, toe hulle toetse doen is hy 100% en geen toe aar. Ek sê net baie dankie Here vir die gebed wat u verhoor het. Prys Sy Naam!!! En vir u wat ingetree het baie dankie!

Mev C van Wyk, Bronkhorspsruit

Dr James was vir my persoonlik ‘n baie groot voorbeeld en’n baie groot liefde vir die Almagtige God. Toe ek die nuusbrief en kennis ontvang van dr. James gedurende Januarie 2015. Ek was baie hartseer en ek het gevoel dr. James moes nog lewe om voort te gaan met die belangrike werk van God. God het met my gepraat en die teksvers gegee Nehemia 8:11 .... “Wees dan nie bedroef nie want die blydkspa in die Here – dit isjulle beskutting”.

Ek sê elke dag dankie vir Jesus die feit dat hy gesterf het aan die kruis van Golgota. Ek kon die beroep maatskaplike werk weer beoefen. Ek is baie dankbaar vir dr. James vir sy lteratuur wat hy beskikbaar gestel het en dat ek baie geestelik gegroei het.

Ek was 1 Maart 2012 in ‘n ernstige motor ongeluk met ‘n groot trok. Ek het ‘n ernstige hoofbesering gehad. Ek was in |ICU in Stellenbosch Medi-Kliniek, Le Clemence Kliniek en was vir 6 weke nie by die huis en by my familie nie. Dr. James het my geleer oor die mag van God en oor geloof genesing. By Le Clemence Kliniek het ek nie geweet wat ek by so ‘n plek soek nie want daar is niks fout met my nie.

Die neuro-surgeon het gesê ek is ‘n wonderwerk, ek is die Here se werk en die neuro-psigiater het gesê ek is baie “assertive” en daar is absoluut niks fout met my nie. Prys die Here.God is waardig die heelikheid, die eer en mag. Ek is baie dankbaar vir dr. James vir sy werke wat hy op die aarde gedoen het.

Mev B Williams, Priel

Liewe Dr James en Meg,

Baie dankie vir al die gebede van u en Meg asook van die hele Christelike sentrum. Ek sal nooit vergeet dat ek u 34 jaar gelede geskakel het vir my seun wat gediagnoseer was met kistifibrose. Na verskeie dokters en toetse het almal gesê dat hy nie ouers as 3 jaar sal word nie en na al die gebede van u en die Christelike sentrum het God my kind genees, so mooi genees dat tot die internis gehuil het toe sy weer toetse gedoen het en gemerk dat daar geen teken is van die siekte nie. (Ons het vir 3 opinies en vele toetse gegaan voor dit). My seun is 35 jaar oud nou en ‘n mooi gesonde kind. Goddelike genesing is werklik ‘n teken van wonderwerke!! Ek het deur die jare weer vele gebedversoeke vir u gestuur en God het weer soos gewoontlik ingetree en wonderwerke verrig.

Baie liefdegroete

Marietjie, Sinoville

I would like to thank you for your prayers. I have some feedback on my sister-in-law, Natasha Massyn. I don’t know whether your remember, I asked for you to Pray for her health and for complete healing of her heart and that she would stop smoking. Well she has stopped smoking and last week she went to the doctor for her check-up and instead of all four heart valves not working properly, there is now only one that is not completely healed. The doctor was totally surprised and acknowledged that it must’ve been a miracle because he has never seen anything like it. He also admitted that Natasha was almost dead and that the fact that she has recovered the way she has is a miracle. We continue to keep praying for the other valve to heal and that she will be healed completely.

Michelle Taljaard